# Groenie Nessie
## Kleuterskool

Hoek van Gustav Adolf en Weirstrate
Pretoria Tuine
Posbus 48007
Hercules
0030
Tel: (012) 379-4406/7

# INLIGTINGSTUK 2026

**Baie welkom by Groenie Nessie Kleuterskool. Dankie dat u ons gekies het om die pad saam met u te stap tydens u kind se belangrikste vormingsjare. Ons streef daarna om elke kleuter veilig en geborge te laat voel. Daar word klem op emosionele, perseptuele en sosiale ontwikkeling geplaas. Ons is ook trots op ons Christelike karakter en beskou dit as 'n voorreg om nog in Afrikaans te kan onderrig sedert 2000.**

## Algemene inligting:

Laerskool Tuine Hoof: Mnr. Jaco Snyman

Groenie Nessie Hoof: Mev. Colette Grobler

012 379 4406/7

groenienessie@gmail.com

Hoek van Gustav Adolf- en Weirstraat, Pretoria Tuine.

volg ons op: facebook

Volg ons ook op Instagram

Groenie Nessie Kleuterskool word bestuur deur die beheerliggaam van Laerskool Tuine. Ons aanvaar kleuters vanaf die jaar waarin hulle 4 jaar oud word en daar is tans 9 klasse, naamlik:

2 graad RRR klasse

3 graad RR klasse

4 graad R klasse

## **Skoolgeld vir 2026**

Halfdag: vakansies uitgesluit: R1 990-00

Halfdag: vakansies ingesluit: R2 072-00

Voldag: vakansies uitgesluit: R2 140-00

Voldag: vakansies ingesluit: R2 220-00

Die skoolgeld word net vir 11 maande gehef - geen heffing vir Desember nie. Daar is ook geen registrasiefooi betaalbaar nie!

# Neem asseblief kennis van die volgende rakende die fooie:

Aangesien ons ‘n privaatinstansie is en geen subsidie van Laerskool Tuine ontvang nie, is die fooie STRENG vooruitbetaalbaar. U kleuter sal toegang tot die kleuterskool geweier word indien daar agterstallige fooie is. U het 3 dae grasie vanaf u salarisdatum om ‘n inbetaling te maak.

‘n Volle maandelikse fooi is betaalbaar tydens die April-, Julie- en Oktober-vakansiemaande.

**INBETAAL-TYE**: Daagliks vanaf 06:30 tot 07:20 by die kleuterskool se kantoor. Daar sal streng by hierdie tye gehou word.

Indien u ‘n bank- of internetbetaling doen, vra ons asseblief dat u altyd u ***familiekode*** as ***verwysingsnommer*** op die betalingstrokie sal meld en ‘n bewys van betaling sal epos na *naskoolfinansies@gmail.com*

**Die kleuterskool se bankbesonderhede is as volg:**

**Laerskool Tuine**

**Absa Bank**

**Hercules**

**Tjekrekening**

**Rekeningnommer: 80158750**

**Takkode: 632005**

Indien u enige rekeningnavrae het, kan u tussen 06:30 en 13:00 met die kleuterskoolkantoor in verbinding tree by (012) 379 4406/7 tussen - 06:30 en 13:00 of ‘n epos stuur na *groenienessie@gmail.com*

**Let wel:** Enige kontantbetalings van skoolgeld moet persoonlik by die kleuterskoolkantoor gedoen word. Projekte se betalings sal deur Whatsapp met u gekommunikeer word. U is welkom om met u kaart enige gelde by die kantoor in te betaal, ons het ‘n kaartmasjien fasiliteit.

## Tasse:



Elke kleuter benodig ‘n KLEIN RUGSAKKIE met ‘n ekstra stel klere daarin.

***Asseblief nie tasse met wieletjies of groot “boks-tasse” nie*** **- DIE GROOT TASSE PAS NIE IN DIE RAKKIES NIE.**

Alle klere, tasse, skoene en kosblikke moet duidelik gemerk word met u kind se naam en van.

## Speelgoed en juwele:

Ons vra dat die kleuters geen van hul eie speelgoed en juwele skool toe sal bring nie. Dit veroorsaak net onmin en ongelukkigheid**.**

## Skooltye:

Halfdag:06:30 tot 14:00 (STRENG)
Voldag:06:30 tot 18:00 (STRENG)

Die skool begin stiptelik om 07:20. Sorg asseblief dat u kleuter betyds is, aangesien dit ontwrigtend vir die dagprogram is as die kleuters laat inkom. Stel ‘n goeie voorbeeld vir u kleuter en wees betyds.

Geen kleuter mag vóór 12:30 afgehaal word nie, omdat ons nog besig is met ons dagprogram.

## Afhaal van kinders:



Op die toelatingsvorm is daar ‘n afdeling waar u aandui wie u kind mag afhaal. Voltooi asseblief die lys volledig. Indien iemand anders as die name op die lys u kind kom afhaal, sal ons u bel. Laat weet asseblief ook vir ons indien iemand wat ons nie ken nie u kind kom afhaal. Kinders word uitgeteken deur die naskoolpersoneel. U kind se veiligheid is vir ons baie belangrik.

## Naskool:

Die kleuterskool bied ‘n naskoolfasiliteit op ons terrein vir voldag kleuters aan. Daar is 4 dames aan diens en geen formele program word dan gevolg nie, slegs toesig. Naskoolpersoneel kan ook nie help met huiswerk nie. Ons vra dat kleuters wat ‘n halfdagfooi betaal, reeds teen 14:00 afgehaal is. Indien u kleuter na 14:00 nog op die terrein is, sal ‘n fooi van R50-00 gehef word vir middagversorging.

Die naskooltoesig geskied tot 18:00, en ons verwag van u om u kleuter BETYDS AF TE HAAL. ‘n Boete van R50-00 vir die eerste 15 minute is betaalbaar en daarna word dit R100-00 per 15 minute, indien u laat is.

## Ouertoegang op die kleuterskoolterrein:

Kleuters word af- en opgelaai by die kleuterskool se hek, waar daar toesig is. Indien u die kantoor wil besoek of ‘n afspraak met ’n juffrou het, is u welkom om in te kom.

## Etes:



Pak asb vir u kind sy / haar eie kosblik (gemerk), genoeg vir 2 etes (10:00 en 12:00) indien hy / sy halfdag by ons bly en 3 etes indien hy / sy voldag by ons bly. Ons gee koeldrank om 15:00.
***Geen energie drankies, gaskoeldrank of sakkies koeldrank word toegelaat nie***.

Pak asb ‘n botteltjie water in vir u kleuter.
Indien u kind se kosblik leeg is, is daar altyd ‘n broodjie vir hulle beskikbaar.
Pak hoofsaaklik voedsame kos in, aangesien te veel suiker en preserveermiddels u kind se konsentrasie vreeslik benadeel. ‘n Klein soetigheidjie of koekie kan wel op Vrydae ingepak word.

## Opvoedkundige program:



‘n Opvoedkundige program van hoogstaande gehalte word aangebied. Die dagprogram begin om 07:20 en sluit om 12:30 af. Ons is baie trots op ons gekwalifiseerde personeel.
Ons volg ook die CAPS-kurrikulum vir graad R. Die graad R-leerders volg die Nasionale CAPS-kurrikulum (Curriculum and Assessment Policy Statements) wat uit, geletterdheid, gesyferdheid en lewensvaardigheid bestaan. Groot klem word op skoolgereedheid gelê, asook om probleemareas te identifiseer en aan te spreek. Die graad RR en RRR volg die ELDA kurrikulum wat bestaan uit musiek, bewegingspele, persepsie, skeppende aktiwiteite, sprokiesverhale, liedjies, versies, Bybelstories en -liedjies, ander stories en ook bak-en-brou en sensoriese spel. Evaluering word deurlopend gedoen en die kleuters ontvang elke kwartaal ‘n vorderingsverslag.

## Dissipline:

Die skool moet ‘n veilige omgewing wees waar kleuters met vrymoedigheid kan speel, leer en sosialiseer. Daar moet respek vir mekaar en alles om hulle wees. Waar daar nie dissipline en respek is nie, is daar nie orde nie en kan onderrig nie plaasvind nie. Ons as personeel kan net voortbou op die boustene wat reeds tuis gelê is. Die personeel se passie en taak is om te onderrig. Opvoeding is egter elke ouer se plig en verantwoordelikheid. Die handhawing van konsekwente dissipline is deel van die hierdie opvoedingstaak. Klas- en skoolreëls sal met u bespreek word. As die kinders nie gehoor gee aan die reëls nie, word die klas ontwrig en kan die optimale ontwikkeling van elke kleuter se potensiaal nie plaasvind nie. Dankie dat u ons hierin ondersteun.

## Kleredrag:

Groenie Nessie het ‘n hempie beskikbaar. Die hempies is te koop by Kwalitrix (op die skoolterrein). Kontak gerus vir Annelicia by 066 119 4835. Merk alle klere duidelik.
U kan ook skryfbehoeftes en die pakkette by Kwalitrix aankoop of bestel.

## Telefoniese kontak:

As gevolg van ons besige opvoedkundige program, vra ons dat u die personeel slegs tussen **12:30 - 13:30 skakel**. Gedurende die ander tye is ons besig in die klas. U kan enige tyd ‘n boodskap by ons sekretaresse laat en ons skakel u dan so spoedig moontlik terug. Let wel: die onderwyseresse word nie toegelaat om tydens klastyd aandag aan hul selfone te gee nie. Verstaan dus as ons nie dadelik op ‘n boodskap reageer nie. Indien dringend, skakel eerder die kantoor.

Ons kommunikeer hoofsaaklik deur WhatsApp / SMS / epos met die ouers. Indien u selnommer / eposadres verander, vra ons dat u ons onmiddellik in kennis sal stel

## Vakansieskool:

Die kleuterskool sal tydens amptelike departementele skoolvakansies (April, Junie en September) oop wees.

***NB: DAAR IS GEEN VAKANSIESKOOL IN DIE DESEMBER & JANUARIE VAKANSIE NIE. LET ASSEBLIEF DAAROP DAT ONS GESLUIT IS OP PUBLIEKE VAKANSIEDAE, ASOOK OP AMPTELIKE SKOOLVAKANSIEDAE WAT IN DIE SKOOLKWARTAAL VOORKOM.***

Net leerders van Groenie Nessie wat vir die “Voldag / halfdag: vakansie ingesluit” -opsie betaal kan geakkommodeer word. Geen laerskoolleerders of kinders van ander skole sal toegelaat word nie.

Ons volg nie ‘n akademiese program tydens die vakansieskool nie. Die kinders moet ook geleentheid kry om ‘n bietjie te rus. Daar is wel ’n vakansieprogram.

## Medisynebeleid:

Ons mag ingevolge wetgewing geen medikasie by die skool hou nie - nie eens ‘n pynstiller soos Panado nie. Ons gee egter met graagte vir u kind voorgeskrewe medikasie op die volgende voorwaardes:

- Die medikasie moet vir die juffrou by die hek gegee word en nie in die tasse gestuur word nie.
- Daar moet duidelike geskrewe riglyne van toediening by die medikasie wees.
- Die medikasie moet in ‘n klein inspuiting opgetrek wees, of in ‘n klein bakkie met ‘n deksel, sodat ons dit net kan toedien.
- Alle medikasie moet gemerk wees met u kind se naam op.

## Ekstra aktiwiteite:

Daar word mandjiebal, bulletjierugby en krieket (mini-krieket) by die skool aangebied. Ons kinders neem ook jaarliks deel van die Afrikaanse Kunsvereniging se vele aktiwiteite. Inskrywingsvorms vir die aktiwiteite is beskikbaar by die kleuterskoolkantoor. Betalings geskied direk in die betrokke instansie se bankrekening, die kleuterskool hanteer geen van die aktiwiteite se gelde nie.

Die volgende instansies kom een keer per week tydens buitespel by die skool hulle aktiwiteite aanbied

**Ballet en Moderne Danse** - Lizette 082 476 9255
**Kids Computer on Wheels** - Jannie 082 440 0744
**Playball** - Hendrik 083 384 2720

## Terapeute:

Die volgende terapeute besoek die skool gereeld.

**Arbeidsterapeut** : Ruda Roux - 072 143 1082
**Spraakterapeut** : Marguerite du Plessis - 079 491 3227

## Toelatingsvorm:

Voltooi asseblief meegaande toelatingsvorm en handig dit by die kantoor in, tesame met afskrifte van u kleuter se geboortesertifikaat, immuniseringskaart, vorige kleuterskoolverslae (indien van toepassing) en terapieverslae (indien van toepassing).

***BAIE BELANGRIK***

Ons kan nie u kind inskryf as daar nie 'n afskrif van u kind se geboorte- en immuniseringskaart aangeheg is nie!!! Die stelsel verwerp die aansoek.

Ons sien baie daarna uit om u kleuter te ontvang. Indien u enige verdere navrae het, is u meer as welkom om my te skakel of 'n epos te stuur.

**Colette Grobler**

Hoof: Groenie Nessie
012 379 4406/7
groenienessie@gmail.com